NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 35
11 September 2025

## Gemeente soek ’n dominee

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Gemeentes se advertensies van ’n vakante werkruimte laat my soms ’n bietjie dink aan TV-programme soos *Boer soek ’n vrou*. Of die destydse *Hoekie vir eensames* in gedrukte tydskrifte. Dit vertel so in algemene terme iets van die gemeente en vra dan die modeldominee om aansoek te doen, in die hoop dat die droomdominee sal kom en die gemeente weer die gloriedae van weleer sal laat beleef.**

In ander gevalle soek veral kleiner gemeentes soms net ’n emerituspredikant wat elke Sondag sal preek en dalk ’n noodoproep met ’n pastorale besoek sal beantwoord.

’n Gemeente wat ’n predikant wil beroep sonder ’n behoorlike voorafproses waarin die gemeente na hulself, hul omstandighede en hul roeping kyk, is soos ’n boer wat ’n vrou soek sonder om te vra wat die vrou dalk van haar boer sou verwag. Net so moet ’n gemeente ook éérs hul eie posisie onafhanklik en onbevange ondersoek voordat hulle die aanbod van ’n predikant of emeritus aanvaar om hulle te kom bedien. Presies soos ’n boer eers mooi moet dink wat ten diepste sý behoeftes is voordat hy vir die flikkers van die eerste of mooiste meisie val.

Daarom is die leiding van die ringskommissie en die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB) so belangrik vóórdat die gemeente daartoe oorgaan om ’n predikant te beroep.

Dit is baie belangrik dat gemeentes moet verstaan dat die grondliggende situasie in ons Kerk (net soos in ander hoofstroomkerke) oor die afgelope twee dekades ingrypend verander het: Waar daar jare gelede ’n oorskot predikante was, ervaar die Kerk nou ’n groot tekort aan predikante. Waar veral jong predikante vroeër enige beroep aanvaar het (dikwels ten koste van hulself) om net te begin uitvoering gee aan hul roeping, het hulle nou opsies. Daar is bloedweinig jong predikante, en heelwat vakante gemeentes.

Gemeentes moet verstaan dat predikante ook mense is met gesinne, drome en ideale. Predikante wil die Here dien, maar predikante wil baie graag ’n vol bediening hê met entoesiastiese lidmate wat meewerk aan verskillende aspekte van die gemeente se bediening. Predikante verstaan dat ’n gedeelte van hul bediening *buite* die gemeente lê – hul roeping is nie net na die 99 wat reeds in die kraal is nie, maar ook na die een buite die kraal (of is dit dalk deesdae 33 binne-in die kraal en 67 buite die kraal?). Predikante wil hul werk sonder kommer doen – net soos die rekenmeester of onderwyser of loodgieter in die gemeente – in die sekerheid dat daar aan die einde van die maand geld in hul bankrekenings sal wees om hul verpligtinge na te kom en hul huweliksmaats en kinders in die oë te kyk.

Indien ’n gemeente bloot kwyn – al minder kinders, al minder lidmate, al minder aktiwiteite, al minder geld – is dit nie meer ’n aantreklike werkruimte nie. Dan is dit soos ’n verwaarloosde plaas met slap, geroeste heiningdrade waar geen vrou voel sy kan veilig by die boer gaan bly nie.

Dan moet die kerkraad dringend besin oor hul toekomsplanne – samewerking, samesmelting of ’n nuwe bediening na buite. Soos ’n boer wat ’n vrou soek, dalk ’n nuwe stel klere aanskaf, sy lyndrade vervang en nuwe gewasse begin plant.

**Dr Wouter van Wyk**
**(Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering)**

**Alle bydraes vir *Blitspos* moet vir tyd en wyl aan bladuitleg@nhk.co.za gestuur word. Mej Sanet du Plessis is tans met siekteverlof en mev Francis Nel sal tydens mej Du Plessis se afwesigheid verantwoordelikheid vir *Blitspos* aanvaar.**

## Lief en leed



Harry en dr Andorette van der Westhuizen

- Baie geluk aan **Harry en dr Andorette van der Westhuizen** (voorheen Hill-Jowitt) wat op **Woensdag 3 September** in die huwelik bevestig is. Mag jul saamwees gekenmerk word deur liefde, geduld en diepe vreugde. Ons wens julle ’n geseënde huweliksreis toe, vol genade, groei en in God se teenwoordigheid.

- **Mev Tanya de Bruin,** dogter van mev Erika en wyle dr Willie Strydom, is **Maandag 8 September** na haar stryd met kanker oorlede. Ons innige simpatie gaan aan Tanya se moeder, haar man Johann, en haar twee seuntjies, Ruben (3) en Divan (2). Mag hulle in hierdie tyd die troos en teenwoordigheid van God ervaar. Die troosdiens vind plaas op Vrydag 12 September om 11:00 by Petersonsingel nr 5, Kiblerpark.

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 September, en word hartlik geluk gewens:**

  - Sondag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (emeritus/Buffelspoort)
  - Maandag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (Christiana/Vaalharts)
  - Donderdag 18 September: Ds W (Wilma) Lötter-Matthee (beroepafwagtend)
  - Vrydag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)

- Vanjaar se **legitimasie** op **Donderdag 4 September om 16:30** is ingelui met ’n erediens, gelei deur dr Frikkie Labuschagne. Die sewe sesdejaarstudente – Peet Bloem, Zanedrieka de Lange, Carien Janeke, Helga du Plessis, Kharla Guest, Christo Pieterse en Elizabeth Rossouw – het by dié geleentheid proponente van die Kerk geword. Die geleentheid het ’n klompie interessanthede opgelewer. **Peet Bloem** word op 66-jarige ouderdom gelegitimeer – die lewensjaar waarin dominees al ’n jaar lank met emeritaat is. Gelukkig maak besluite van die Kerk dit vir hom moontlik om steeds as predikant georden te word. **Christo Pieterse** (swaer van dr Frikkie Labuschagne) is ’n boer en sakeman wat later in sy lewe besluit het om teologie te studeer. **Elizabeth Rossouw** is ’n gebore en getoë Namibiër. Die res is almal vanuit die ou Transvaal afkomstig.

  

  **Peet Bloem, Helga du Plessis, Christo Pieterse, Zanedrieka de Lange, Elizabeth Rossouw, Carien Janeke, Kharla Guest**

  Nog ’n interessantheid is dat elkeen ’n prys vir die beste prestasie in ’n bepaalde vakgebied ontvang het: Zanedrieka de Lange in Nuwe Testament (81%), die toekenning vir akademiese prestasie oor die hele terrein van teologiestudie (gemiddelde punt van 80% oor die vyf jaar), en die Cules Boshoff-erepenning; Peet Bloem in Kerkgeskiedenis (86%); Helga du Plessis in Praktiese Teologie (82%); Kharla Guest in Godsdiensstudies en Missiologie (82%); Carien Janeke in Godsdiensstudies en Missiologie (82%); Christo Pieterse in Ou Testament (85%) en vir die beste skripsie (80%); Elizabeth Rossouw in Sistematiese en Historiese Teologie (86%).

## Gemeentes en bediening

- **Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** het ’n **hersiening van die Afrikaanse 1933/1953-vertaling** voltooi. Die hersiening, wat in Desember 2024 afgehandel is, fokus uitsluitlik op taalkundige verbeteringe en spelreëlaanpassings, terwyl die oorspronklike vertaalopdrag en teologiese integriteit volledig behoue gebly het. Die hersiene teks

sal aanvanklik op die **BibleSA-webwerf en -app** beskikbaar wees. Gemeentes word aangemoedig om die hersiening te bestudeer en terugvoer te gee. Lees gerus die inligtingsbrosjure ***hier***.

- **Ringe** word aangemoedig om vóór die AKV 'n spesiale geleentheid (desnoods by wyse van videokonferensie) vir **predikante en afgevaardigdes** te reël waar hulle die **agenda van die AKV kan bespreek**.

- **Sinodale offergawes – volhoubaarheidsmodel:** Die Raad van Finansies wil gemeentes reeds vóór die AKV geleentheid gee om volledig oor die beskrywingspunt ingelig te word en moontlike vrae daaroor te opper. Die Raad glo dat dit die gehalte van die gesprek tydens die AKV sal dien en daartoe sal bydra dat die 74ste AKV 'n goeie besluit tot voordeel van die Kerk sal neem. Daarom bied die Raad op **18 September van 09:00 tot 11:00 en van 18:30 tot 20:30** 'n webinaar aan insake hierdie voorgestelde volhoubaarheidsmodel vir sinodale offergawes:

  **Zoomskakel:**
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  **ID:** 942 768 9935
  **Wagwoord:** SGB

- **Gemeente Rustenburg-Kloof** vier op **21 September** hul 50-jaar-herdenking onder die tema ***50 jaar van genade*** en nooi alle lidmate – oud én huidig – uit om saam met hulle hierdie besondere feesdiens by te woon en dankie te sê vir 50 jaar van God se genade. Die erediens vind plaas op Sondag 21 September, met koffie en tee vanaf 08:00 en die erediens wat om 09:00 deur **ds Philip Prinsloo** gelei word. Ná die diens sal daar 'n gesellige ete plaasvind. Diegene wat dit wil bywoon, word vriendelik versoek om **oudl Lettie Mienie** te kontak by **071 177 1557**. Kom deel saam in hierdie vreugdevolle mylpaal van dankbaarheid en genade!

- **Gemeente Odendaalsrus** vier op **28 September** hul 70-jaar-herdenking onder die tema ***70 jaar van genade*** en nooi belangstellendes hartlik uit om saam te kom deel in hierdie spesiale geleentheid. Die erediens begin om 10:30 by die kerkgebou in Boshoffstraat 30, Odendaalsrus, en word gelei deur ds Cas du Plessis, met nagmaal wat deur ds Anel Boshoff bedien word. 'n Skyfievertoning oor die gemeente se geskiedenis sal vertoon word, en daarna is daar 'n ligte ete en geleentheid om saam te kuier. Laat weet asseblief voor **14 September** hoeveel persone dit gaan bywoon.

- **Ds Errol Sheppard emeriteer** aan die einde van September. Sy kollegas en vriende word hartlik uitgenooi om die geleentheid saam met hom op **Sondag 28 September** om 10:30 te Gemeente Vanderbijlpark, hv Goethe- en Langenhovenstraat, Vanderbijlpark te vier. Bevestig u teenwoordigheid **nie later nie as 19 September** by ds Errol, per e-pos by **es.ds.nhk@gmail.com**, of by 083 455 6922.

## Werkgeleenthede

- **Gemeente Namibkus** (wat Hentiesbaai, Swakopmund en Walvisbaai bedien) nooi 'n predikant of proponent van die Kerk om van **30 November 2025 tot 11 Januarie 2026** in die gemeente te preek en krisisgevalle te hanteer terwyl hul predikant met langverlof is. **Gratis verblyf** word verskaf vir die besoekende predikant en gesin in 'n ruim drievertrekwoonstel, en die gemeente sal 'n **reiskostebydrae** gee vir die reis na en van Namibië. Kontak **ds Leon Janse van Rensburg** so spoedig moontlik vir meer inligting by **+264 81 128 5169 of leonjvr@iway.na**.

- **Gemeente Dolfynkus** (38 belydende lidmate, twee dooplidmate) bied 'n **deelsorg-bedieningsruimte** aan vir 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA. Die gemeente is 98 jaar oud en hou eredienste in Westbrooke. Geen pastorie is beskikbaar nie. Die posisie is ideaal vir 'n roepingsgedrewe persoon met 'n lewende verhouding met Christus, 'n liefde vir mense, en 'n verbintenis tot Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid. Verantwoordelikhede sluit in eredienste, pastorale sorg, besoeke, deelname aan gemeenteaktiwiteite en

strategiese beplanning. Eie vervoer is 'n vereiste. **Vergoedingspakket: R408 000 per jaar**, plus **behuisingstoelaag van R18 000 per maand** (onderhandelbaar). **Aansoeke sluit op 10 Oktober 2025**. Stuur CV (met VBO-krediete), geloofsgetuienis en verwysings aan **dr Hannes Janse van Rensburg** by **hannessgb@nhk.co.za**. 'n Vraelys sal na ontvangs gestuur word. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n virtuele of fisiese onderhoud in **Ballito**. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad behou die reg om nie 'n beroep uit te bring nie.

- **Voltydse werkruimte in Gemeentes Newcastle en Glencoe.** Die samewerkende gemeentes Newcastle (191 belydende lidmate) en Glencoe (95 belydende lidmate) wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA vir 'n **volsorgbedieningsruimte**. Die gemeentes is 68 km van mekaar geleë en bestaan uit 'n groot persentasie bejaardes. Die setel van die bediening is te Newcastle, waar 'n **pastorie** met munisipale koste ingesluit, **gratis** beskikbaar is. Alternatiewelik is daar 'n **behuisingsubsidie van R150 000 per jaar**. Die vergoedingspakket beloop **R552 900 per jaar (alles ingesluit)**. Aansoeke (CV ingesluit) moet **teen 30 September 2025** aan **dr Piet Steenkamp** by **piet@holisticlifecoaching.co.za** gestuur word. **Navrae: 082 779 4880**.

## Vergaderings

- Saterdag 13 September: NHSV Hoofbestuur (08:30)
- Maandag 15 September: Bestuurskomitee
- Saterdag 8 November: NHSV Dagbestuur

## Kerklike en ander publikasies




- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.







- **September 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*****: Ds Hannelie Botha** lui die lente-uitgawe in met *Lente – die seisoen van nuwe lewe.* Die kollig in hierdie uitgawe val op vyf NHSV streekbyeenkomste wat onlangs plaasgevind het. Eerstens deel **Pikkie Hetzel** van Gemeente Port Elizabeth die drie fases van die Oos-Kaap se streekbyeenkomste te Uitenhage, Jeffreysbaai en Port Alfred. **Marietjie Schutte**, NHSV streekvoorsitter Noord-Kaap, brei uit oor die NHSV se saamkuier by Gemeente Vryburg. **Edna Ras**, NHSV streekvoorsitter Oos-Rand, beskryf hul samekoms met Gemeente Springs-Oos as gasvrou vir die dag. **Thea van Rooyen,** NHSV streekvoorsitter Rustenburg kleur hul geseënde streekbyeenkoms by Gemeente Schoemansdal in. **Maleny de Beer,** NHSV streekvoorsitter Noordwes, sluit af met dié streek se feesdag by Gemeente Declerqville. **Emmé van Niekerk** benadruk die werk van 'n arbeidsterapeut in *Genesing en welstand*. **Mari-lizé Beukes,**

voorsitter NHSV Hoofbestuur, lig die belangrikheid uit van Loslitdag met die 2025-tema *Beyond the Label.* **Rozelda Nel,** NHSV kantoor, vertel meer oor die Bybelgenootskap se *Bybel vir almal* en September se aanlyn promosie. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.



## Kom kyk saam

- Die **Eendrachtkring** het op **2 September** saamgekuier met predikante, hul eggenote, sowel as weduwees en wewenaars. Die volgende byeenkoms vind in November plaas – almal is hartlik welkom om saam te kom kuier. Vir navrae, kontak **ds Kalla Fourie** by **mejpjf@gmail.com**.

## ’n Gedig

**kindwees**

ek mis die dae van kindwees
van stout wees
in die son
waar oorwinning nog teen vrees kon staan
deur die dade wat ons doen
en verraad nog net verskuil was
in ’n vroegaand Judassoen

ek mis die dae van kindwees
van waarheid
en van seer
waar die toekoms nog in twyfel was
as ’n funksie van ’n wil
en elke lyfding se verstand
nog voor kennis sou verstil

ek mis die dae van kindwees
van lekker lag
en huil
toe heinings nog vir diere was
en deure nog vir wind
en howe nog ’n uitspraak
met ’n eed sou kon verbind

ek mis die dae van kindwees
die liefdes
en die leed
ja ek mis toe ons nog klein was
met harte vol van hoop
toe hard werk nog die wens was
om die tyd mee uit te koop

**Andries Fourie**
(Uit: Versindaba.co.za, 2024)

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:

- 24 September: Oos-Moot
- 27 September: Klerksdorp-Wilkoppies
  Strand
  Outeniqua
  Bronkhorstspruit
- 25 Oktober: Kempton Park-Oos

- **Gemeente Bronkhorstspruit** hou **basaar op 27 September 2025** van **07:30 tot 14:00**:

  Met Nasionale braaidag agter die blad,
  Is dit tyd om die pad te vat
  Want alle paaie lei na Bronkhorstspruit
  Want dis weer ons gemeente se grootste jolyt
  Kom koop jou maand se vleis
  Teen die beste afslagprys
  Tradisionele eetgoed om van te kies en keur
  Elkeen met sy eie kleur en geur
  Die teetuin waar jou moeë bene kan herstel
  Terwyl jy koek en koffie bestel
  Sien jou daar
  Terwyl die jongklomp lekker baljaar!

- **Gemeente Outeniqua** hou **basaar op Saterdag 27 September** by hul kerkgebou in **Derdestraat 25, George**, van **09:00 tot 13:00**. Die basaar word voorafgegaan deur ’n **gesellige saamkuier en ete op Vrydagaand om 18:00** op die kerkterrein. Heerlike kos sal beskikbaar wees. Kom kuier saam as u in die omgewing is – almal is welkom!

- **Ons Tuis AMOT** (Andries Marié Oosthuizen-tehuis) in Parys nooi alle gholfspelers uit na hul Gholfdag op **Vrydag 19 September te Parys Golf & Country Estate**. ’n Vierbal-inskrywing beloop R2 400 met goeie pryse te wen. Daar sal ook ’n gelukkige trekking deur die dag plaasvind. Ondersteun asseblief ons Gholfdag deur ’n skenking of borgskap toe te staan vir ons tehuis. ’n Artikel 18A-sertifikaat kan uitgereik word vir ’n belastingaftrekking vir die skenkings. Vir besprekings en borgskappe, skakel Lizette by 056 818 1567, Jan by 082 421 1122, of Belia by 084 580 6104.

- Dit is amper weer tyd **vir Gemeente Makarios** se **jaarlikse Gholfdag op 6 November by Kempton Park se gholfbaan**. Koste: R2 000 vir ’n vierbal of R500 per speler. **Borgskappe per gat** is beskikbaar teen R500 per gat. **Vir meer besonderhede of om te RSVP** kan die volgende persone gekontak word:
  - Carina Cronje 079 515 8596
  - Riaan Mong 082 337 3146
  - Ds Frikkie Viljoen 082 906 7774

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.

  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 bestel. Jy sal ’n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjie-nommer as verwysing.

  Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

  Die trekking vind op **30 November** plaas!

## Toerusting

- **Jaarkursus in pastorale sorg, gefokus op *Die pastor in krisis***

  **12 modules:**
  - ***Verwonde stryders*** *(emosionele, fisiese en geestelike uitdagings van voltydse geestelike werk)* (gebaseer op die boek *The wounded warrior* van dr Steve Stephens).
  - ***Motivering in die bediening*** (gebaseer op verskeie boeke deur Henri Nouwen met besondere klem op *The wounded healer*).
  - ***Wanneer godsdiens lei tot verwonding eerder as heling*** (verskeie bronne).
  - ***Stres en uitbranding*** (gebaseer op die boek van dr Frank Minirth, en dr Paul Meier se boek *How to beat burnout*).
  - ***Geestelike en emosionele gesondheid van die Christenwerker*** (gebaseer op dr Paul Meier en kollegas se boek *What they didn't teach you in seminary*).
  - ***Emosionele paraatheid en kommunikasievaardighede*** (gebaseer op boeke deur Henry Cloud, John Townsend, Stephen Covey, Archibald Hart en Glen Schiraldi).
  - ***Trauma as 'n verwoester*** *– pastorale perspektiewe* (verskeie bronne).
  - ***Pastorale perspektiewe rakende depressie*** (gebaseer op die model binne die Meier-klinieke en die boek *Happiness is a choice* deur dr Paul Meier en dr Frank Minirth).
  - ***Genesing van emosionele pyn – Volume 2*** (met besondere verwysing na die boek van dr Paul Meier, *Experiencing God outside the box*).
  - ***Pastorale evaluering van die holistiese model binne die Amen-klinieke*** (gebaseer op dr Daniel Amen se boek *The end of mental illness*).
  - ***Pa-wonde*** *– pastorale riglyne* (verskeie bronne).
  - ***Die moeder se impak op toekomstige generasies*** (gebaseer op die boek van Henry Cloud en John Townsend, *Our mothers, ourselves*).

  **Studente kwalifiseer vir** 55 VBO-punte (NGK en NHKA), 12 krediete in terme van verdere studie, en 20 kredietpunte by CPSC (die beradersvereniging Council for Pastoral and Spiritual Counsellors). Studente kan in enige stadium van die jaar begin; daar is 12 handleidings, vier voorgeskrewe handboeke en vier verpligte werkopdragte.

  **Ná suksesvolle voltooiing** van die kursus kan studente ook aansoek doen om lidmaatskap van CPSC en met 'n beradingspraktyk begin. CPSC is geakkrediteer by SAQA (South African Qualifications Authority) en word gevolglik ook erken deur die regering.

  **Vir enige navrae** kontak prof Wentzel Coetzer
  E-pos: **wentzelc@gmail.com**
  Selnommer: 083 660 0409 (ook WhatsApp)

- ***Wanneer godsdiens lei tot verwonding eerder as heling – pastorale perspektiewe***
  **16 September 2025 – Zoom-aanbieding**
  **Prof Wentzel Coetzer**

  In hierdie kursus word gefokus op die oënskynlike paradoks van godsdiens wat ***enersyds*** binne sekere kontekste 'n helende en bevrydende rol kan vervul, veral wanneer dit op gebalanseerde en gesonde wyse beoefen word en waar die motief daaragter suiwer en opreg is; en ***andersyds*** godsdiens se gevaarkant, waar daar dieperliggende onverwerkte emosionele pyn mag wees wat uiteindelik as dryfveer kan dien tot ontvlugting in toksiese godsdienstige aktiwiteite. Die werklike pyn word nooit hanteer nie, en met die stiptelike onderhouding van 'n magdom geestelike wette en reëls word daar eintlik net meer *pleisters* en *verbande* op 'n septiese wond geplaas. Die finale resultaat van so 'n proses kan dan godsdienstige verslawing en misbruik impliseer waar mense uiterlik gelukkig voorkom, maar innerlik met 'n magdom onverwerkte emosionele pyn worstel. In die lewensverhale van geestelike leiers wat bydra tot die geestelike verwonding en misbruik (*abuse*) van lidmate en volgelinge, is daar gewoonlik ook onverwerkte emosionele pyn en trauma wat dikwels reeds gedurende hul kinderjare ontstaan het.

  Daar word praktiese riglyne uitgespel vir die pastorale begeleiding van geestelik verwonde persone met die oog op heling en restourasie.

**Die kursus is oop vir almal.**

**Datum:** Dinsdag 16 September 2025
**Tyd:** 09:00 tot 13:00
**Akkreditering:** 5 VBO-punte – 5 CPSC-punte – 5 AFM PCD-punte
**Koste:** R275 per persoon
**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
**Navrae:** 083 660 0409 of e-pos na **wentzelc@gmail.com**
**Volg die kursus op ’n later datum:**
Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.
**Om te bespreek vir die kursus:**
Klik op die volgende skakel: **https://forms.gle/6siz8cPmMAHWUxmp7**

- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die Hervormde Teologiese Kollege het ’n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om op hul eie manier Nicea te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is ’n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde advertensie in *Blitspos* dop om op die hoogte te bly.




## Barmhartigheid

- Kom stap saam met ***Sestig-sestig-loop-vir-’n-kind***. Hierdie fondsinsameling vir die DPS-huise van Montana en Ninapark vind op **24 September** by Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees plaas. Die doel is om **60 km te stap en R60 000** in te samel. Spanne van ses kan inskryf en finansiële donasies kan gemaak word. U bydrae om by R60 000 uit te kom, kan inbetaal word by:

  Plesion NPC
  Bank: Nedbank
  Rekeningnommer: 1127321897
  Verwysing: Walk for a Child

  Stuur e-pos na **info@plesion.org.za** vir meer inligting.

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in ’n rustige omgewing naby ’n winkelsentrum en kliniek.
  - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
  - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
  - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel suster **Sonja Stander** by **012 3462418**.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here,
in hierdie nuwe seisoen sien ons hoe die veld oopbreek in kleur –
soos kinders wat oopmaak na die wêreld met verwondering en vertroue.
Hulle dra die belofte van lewe,
die sagte krag van groei,
die helder lig van hoop.

Help ons om hulle raak te sien soos U hulle sien –
kosbaar, uniek, vol potensiaal.
Mag ons hulle koester met geduld,
beskerm met liefde,
en leer van hul eenvoud en vreugde.
Amen.



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis en mev Francis Nel
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger